

# OOS, WES, TUIS IS BES

***'n Pragtige ontwerp wat jy self kan borduur. Dis kleurig en maklik***

**BENODIGDHEDE** *40 cm fyn geweefde borduurstof (90 cm breed); 30 cm fyn geweefde groen borduurstof (90 cm breed); prentraam 31 x 27,5 cm; Milward nr. 5-borduurnaald vir gebruik met 4 of 6 drade en Milward nr. 7-borduurnaald vir gebruik met 3 of 2 drade; Anchor-stringgare; 4 stringe lentegroen 0239; 2 stringe elk skarlakenrooi 046, grasgroen 0241, 0245, ambergoud 0308; 1 string elk kobaltblou 0131, ambergoud 0305, nartjie 0316, terra-cotta 0339 en wit 02.*

**Let wel:** Gebruik 6 drade vir Franse knope in 0239; gebruik 4 drade vir Franse knope in 046, 0131 en 0316, vir die wolke en boonste twee rye van die lug, 3 drade vir middelste twee rye en 2 drade vir onderste twee rye van lug. Gebruik 3 drade vir die oorblywende borduurwerk.

**AANWYSINGS:** Knip die wit borduurstof 40 x 50 cm. Tekening A toon die voltooide ontwerp. Die deel onder die stippellyn (gemerk A) toon die deel waar die groen borduurstof gebruik word. Gebruik tekening A om 'n papierpatroon te maak van die gedeelte onder stippellyn A. Las 6 cm by die kante en onderste rand en 6 mm by die boonste rand. Lê papierpatroon uit op groen materiaal en knip uit. Plaas groen borduurstof bo-op wit borduurstof, met kante en onderste rande op een lyn gebring. Ryg in posisie. Vou naattoelaating van 6 mm by boonste rand van groen borduurstof na die verkeerde kant. Stik in posisie. Gebruik tekening A en dra die ontwerp oor.

Sorg dat stippellyn A op een lyn gebring is met die boonste rand van die groen borduurstof. Diagram 1 verskaf detail van die ontwerp. Alle gelyke dele met dieselfde nommers word op dieselfde manier en in dieselfde kleur geborduur. Die lug en wolke word met kettingsteek geborduur. Gebruik 0239 en 0245 vir die klimop teen die huis. Gebruik 046 en 0316 vir blomme wat met Franse knope gewerk is.

Vir blomme met reguit steek word 046, 0305 en 0316 gebruik. Meng die kleure hiervoor na willekeur. Die oorblywende dele van die tuin word met 'n enkele blom aangedui. Die ander blomme in dieselfde deel word op dieselfde manier geborduur. Die paadjie word met 0402 in satynsteek geborduur. Volg diagram 1 en die kleursleutel wat aangegee is. Diagram 2 – 6 verskaf aanwysings vir spesifieke steke.

Pars voltooide borduurwerk aan die verkeerde kant. Plaas teen karton van raam en vou oortollige borduurstof na verkeerde kant. Ryg van kant tot kant met sterk gare om die karton in posisie te hou en om die borduurstof styf te trek. Plaas in raam. ●

**Diagram op uitvoublad**